

Kritiek kan ook ingebring word teen die plasing van notas agter in die boek. Wanneer sal uitgewers leer dat so 'n publikasie se nutswaarde feitlik totaal geneutraliseer word wanneer heen en weer tussen teks en annotasies rondgeblaai moet word? En dan is die verwysingsyfers boonop so weggesteekklein dat 'n mens die teks as 't ware met 'n vergrootglas moet fynkam op soek daarna.

Annotasies wat nie altyd korrek verantwoord is nie (5, 7, 9, 17, 21), onverantwoorde annotasies (14, 19, 22) en inkonsekwente aanhaling van Bybeltekste (soms toeliggend, soms nie) is enkele ander gebreke.

Al is die Scholtz-uitgawe van Smit se dagboek 'n skynbaar oorhaastige, effens ondeurdagte bydrae tot die skrapse geleentheidspublikasies rondom die 150ste herdenking van die Groot Trek, is dit nogtans te verwelkom en wel omdat dit kosbare inligting in die dagoernaal opnuut onder die aandag en op die boekrakke bring.

P.F. VAN DER SCHYFF
Potchefstroomse Universiteit vir CHO



KAREL SCHOEMAN. *Olive Schreiner: 'n lewe in Suid-Afrika 1855-1881.* Human & Rousseau: Kaapstad en Pretoria, 1989. 584 pp. Geil. R69,95 (eksclusief).
ISBN 0 7981 2491 1.

Karel Schoeman het met sy groot aantal publikasies van uiteenlopende aard vir hom 'n prominente plek in die Afrikaanse letterkunde verwerf. Hy kan tans beskou word as die grootste lewendende romanskrywer in Afrikaans, terwyl hy ook 'n bydrae op die terrein van onder meer die reisboek, vertaalwerk en tekste vir visuele media lewer.

Van meet af aan was dit duidelik dat hy 'n sterk historiese bewussyn het, wat ook in sy prosawerk neerslag vind. 'n Mens dink byvoorbeeld aan sy hantering van die Tweede Anglo-Boereoorlog in *Veldslag* (1965), sy betrek van die geskiedenis van lerland teen die einde van die 18de eeu in *By fakkellig* (1968) en die lewensgetroue, sorgvuldige rekonstruksie van kultuurhistoriese aspekte in die 19de-eeuse Vrystaat in *'n Ander land* (1984).

Daarbenewens het Schoeman hom sedert 1976 daarop toegespits om navorsing te doen en te publiseer oor leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Sy tale boeke oor die Vrystaatse geskiedenis asook die *Vrijstatia*-reeks wat onder sy redakteurskap verskyn, is voorbeeld hiervan.

Ook opvallend is sy belangstelling in die biografiese geskiedskrywing, wat neerslag vind in sy *vies romancées* oor Shakespeare, Rembrandt, Beethoven en die Strauss-familie. 'n Belangrikker en meer regstreekse voorloper van *Olive Schreiner: 'n lewe in Suid-Afrika 1855-1881* is egter die boek oor N.P. van Wyk Louw se jeugjare en Roggeveldse jeugwêreld, *Die wêreld van die digter* (1986). Albei boeke getuig ook van die uitbreiding van sy belangstelling na die droë landskappe van die Kaapprovincie.

In *Olive Schreiner* skryf Schoeman sy eerste omvattende biografie, waarin hy sy vermoëns as roman- en geskiedskrywer aanwend om 'n rekonstruksie te maak van die eerste 25 jaar in die lewe van hierdie beroemde Suid-Afrikaanse skryfster (veral bekend vir haar roman *The story of an African farm* (1883)) en kampvegter vir die politieke regte van vroue en swartmense.

Schreiner word voorgestel as iemand wat grootgeword het in 'n landelike pionierswêreld' (p. 531) wat in 'n oorgangsfase verkeer het en waarvan die ontwikkeling veral na omstreeks 1870 as gevolg van die ontdekking van diamante en goud momentum sou kry. Die biografie toon aan watter vormende invloede die tydsgees, die land en die landskap, haar familie, hulle verblyf op sendingstasies, Oos-Kaapse dorpies en plase en haar leeswerk op haar gehad het: Sy was in vele opsigte 'n buitestaander in 'n wêreld waar die blanke dikwels 'n klein minderheid in 'n tradisionele swart gemeenskap' (p. 96) was en, veral belangrik, waar die vrou se regte beperk was (o.m. p. 99). Haar talent het in moeilike omstandighede ontwikkel, onder meer omdat haar formele opvoeding gebrekbaar was en sy geleef het in 'n gemeenskap waarin daar weinig intellekturele stimulasie was. Schoeman skryf oor hierdie tydperk in haar lewe omdat hy dit as deurslaggewend beskou vir die verloop van haar lewe.

Schoeman het geen moeite ontsien om hierdie biografie te skryf nie. Hy het die plekke besoek waar Schreiner haar jeugjare deurgebring het en die bibliografie met sy 534 titels en die talte foto's wat versamel is, gee 'n aanduiding van die wye navorsing wat onderneem is. Weliswaar het Schoeman 'die oënskynlike outobiografie en die oënskynlike fiksie as bykans gelyke bronne van inligting beskou' (p. 75), maar hy is nettemin bewus van die gevare hieraan verbonde en slaag deurgaans daarin om in sy interpretasie verantwoordelik daarmee om te gaan. Hy bring talte wysigings ten opsigte van die siennings van vroeëre biograwe aan (bv. oor Schreiner se verhouding met die handelaar Julius Gau) en skep 'n baie volledige beeld

van die krakte wat op hierdie vrou, wat Schoeman 'een van die mees uitsonderlike vroue in die negentiende-eeuse Suid-Afrika' (p. 283) noem, ingewerk het.

As in aanmerking geneem word hoeveel daar reeds oor Schreiner geskryf is, is Schoeman se biografie 'n merkwaardige prestasie en ongetwyfeld die volledigste studie oor haar wat nog verskyn het. Hy gaan nie net op haar lewe in nie, maar gee ook 'n volledige bespreking van haar skryfwerk en die agtergronde wat daar toe aanleiding gegee het (kyk hoofstukke 12 en 13). Dat die biografie in Afrikaans geskryf is, het sekerlik die ironiese oog van die skrywer nie ontaan nie. Hiermee het Karel Schoeman ondubbelzinnig 'n mosie van vertroue in die voortgesette publikasie van vakkultuur in Afrikaans gestel.

JOHANN LODEWYK MARAIS
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing



P.S. THOMPSON. *Natalians first: separatism in South Africa 1909-1961.* Southern Book Publishers: Johannesburg, 1990. 231 pp. R45,00 (exclusive).
ISBN 186812262 X.

This book by Dr Paul Thompson of the Department of Historical Studies at the University of Natal (Pietermaritzburg) is the first detailed account published of that peculiarly Natal phenomenon of white separatist politics for the period 1910-1961. It centres around the wishes of Natalians to keep intact as much of their British connections as possible or alternatively to 'go it alone'.

Thompson has effectively traced this stance through a series of leagues, groups, associations, parties, commandos, and fronts. In between he deals with other important (for Natalians) issues such as the struggle for greater power for the provincial council system, the language issue, status within the British Empire, the fight over a new South African flag and attempts at gaining home rule. It is also the story of the setbacks, failures, quarrels and disagreements among the separatists themselves.

Throughout Thompson has tried to show how separatism manifested in such organisations as the Federal League (organised in response to the perceived dangers of Hertzogism after 1913) and the Democratic Reform League in the 1920s (one of whose aims was to promote the decentralisation and greater autonomy of the provinces.) In the 1930s the Natal separatists changed their approach to the idea of home rule rather than outright secession from the Union and so was born the idea of devolution. Accordingly a Devolution League was formed to propagate the idea. But throughout this period the Natal separatists were divided among themselves about home rule, and between devolution and federation, although most of them supported some kind of imperial link (with Great Britain).

The formation of the first Natal political party to actively propagate the idea of separatism, the Dominion Party (largely made up of those Natalians rejecting the South African Party's fusion with the National Party in 1934), did not go very far in uniting white Natalians. Dominion Party co-operation with the government during the Second World War had led to its energies being submerged in the war effort and a consequent lessening of support for separatism. However, the 'Natal Stand', embodying that particular Natal 'consciousness' articulated so forcefully by the Zululand politician George Heaton-Nicholls, refused to lie down and play dead and during the 1950s there was again a revival of Natal separatist ideas through the Natal branch of the Torch Commando. This led to the launching of the Federal Party which in fact brought a subtle change in the 'Natal Stand' since the party emphasised the constitutional reconstruction of the Union. This new party was committed to a federal union and self-determination for Natal. But the Federal Party failed dismally in the 1953 elections and for the latter part of the 1950s turned their attention towards supporting the Anti-Republican League (with help from the secretive 'Horticulturalists'). The Natal separatists arguably won their greatest 'victory' in ensuring that Natal overwhelmingly rejected a republic in the referendum held on 5 October 1960. But this was not enough to stop the formation of a republic or to secure a new deal for Natalians. According to Thompson the reality of an Afrikaner Nationalist republic finally killed English Natal's ideals of separatism. However, he adds that 'Economic bogeys aside, Natal could have survived very well, thank you, as a separate part of the British Empire.'

Thompson has produced a detailed and well-researched account of a neglected piece of South African political history. But it has been neglected precisely because its influence on the national scene was minimal since it concentrated on a narrow parochial Natal stance which more often than not presented a shifting and often fragmented opposition. However, he